

## ROOFDIERE

# VERLIESE GROOT BY GROOT- EN KLEINVEE

**KLEINVEEBOERE** verloor na raming jaarliks R1,4 miljard weens roofdiere. 'n Nuwe navorsingsprojek bewys egter dat verliese onder grootvee weens roofdiere ook tot groot finansiële verliese lei.

Daarin is bevind dat die omvang en impak van roofdiere in Suid-Afrika 'n doelgerigte en gekoördineerde bestuurs- en navorsingsprogram vereis om die verliese weens roofdiere te verminder.

Die projek, wat deur die nasionale organisasie vir rooivleisnavorsing en -ontwikkeling (RMRDSA) gefinansier is, is deur mnr. Coenraad Badenhorst van die Universiteit van die Vrystaat as studieverhandeling onderneem. Hy het die ekonomiese koste van grootveeverliese weens roofdiere in Noordwes ondersoek.

Wanneer daar van probleemdiere gepraat word, is die rooijakkals en die rooikat die vernaamste sondaars. Die rooijakkals (*Canis mesomelas*) en rooikat (*Caracal caracal*) is belangrike middelslag-probleemdiere wat deel is van die Suid-Afrikaanse wildlewe, maar hulle het 'n ongunstige impak op die veebedryf in Suid-Afrika – veral op kleinvee, soos skape en bokke. Dié twee roofdiere, asook die strandwolf (*Parahyaena brunnea*), die jagluiperd (*Acinonyx jubatus*), honde (*Canis familiaris*) en die luiperd (*Panthera pardus*) is verantwoordelik vir verliese van klein- en grootvee in verskeie provinsies.

Die studie het spesifiek oor verliese van beeste weens roofdiere in Suid-Afrika gehandel. 'n Studiegroep van 1 500 beesboere is tussen provinsies verdeel in verhouding tot die provinsiale beesgetalle as persentasie van die nasionale beeskudde.

Die Wes-Kaap en Gauteng het nie aan die studie deelgeneem nie. 'n Vraelys is gebruik om 'n tele-

foniese peiling by 1 344 beesboere in sewe provinsies uit te voer.

Vir die doel van die verslag (verhandeling) is slegs Noordwes ontleed en die primêre inligting vir die ander ses provinsies word as aanhangsels aangebied.

Drie hoofdoelwitte is nagestreef, naamlik om die regstreekse en onregstreekse koste wat aan roofdiere toegeskryf word, te bepaal, om die impak van roofdiere op die grootveebedryf in Noordwes te bepaal, om die onderliggende strukture van die voorkomingspraktieke van boere in Noordwes te ondersoek, om die bestaande optredes van boere teen roofdiere te verbeter en om voorkomingspraktieke te identifiseer.

Die studie is in die vier distriksmunisipaliteite van Noordwes uitgevoer, naamlik Bojana-Platinum, Bophirima, Ngaka Modiri Molema en Southern. Altesame 238 respondente boer kommersieel met 122 780 beeste (of 10% van die totale aantal beeste in Noordwes).

Die vraelys het vrae bevat oor maatskaplik-ekonomiese faktore, bestuursfaktore en die metodes wat gebruik word om hul vee te beskerm.

Die meeste van die verliese in die vier distriksmunisipaliteite is veroorsaak deur die rooijakkals, gevolg deur die rooikat. Die persentasie verliese veroorsaak deur die rooikat is aansienlik minder as dié van rooijakkalse.

Die rede vir die laer syfer is nie duidelik nie, maar daar is bespiegel dat dit aan 'n kleiner bevolking van rooikatte toegeskryf kan word en ook die feit dat rooikatte alleenlopende roofdiere is en nie in groepe jag nie.

Die regstreekse koste van verliese aan beeste weens roofdiere in Noordwes is geraam op meer as R67,7 miljoen nadat verliese

op provinsiale grondslag geëkstrapoleer is. Die onregstreekse koste van roofdiere in Noordwes is verdeel in R7 455 333 (diere wat weens roofdiere gevrek het) en R9 087 653 (diere wat aangeval is, maar nie gevrek het nie). Die totale koste van roofdiere in Noordwes word op R84 319 786 geraam.

## MEER AS DERDE GEBUIK DODELIKE METODES

Die studie het getoon dat 37% van die boere in Noordwes bestrydingsmiddels gebruik wat die roofdiere laat vrek. Slegs 14% gebruik minder dodelike maniere. Boere van Noordwes gebruik tans ses soorte dodelike bestrydingsmiddels. Dit sluit in die skiet van roofdiere in die nag met kolligte (15%), gebruik van spesiale jagters (6%), slagysters (1%), vanghokke (8%), jag met honde (2%) en gif (5%). Die nie-dodelike metodes is veewagters (8%), geëlektrifiseerde heinings (1%), jakkalswerende heinings (minder as 1%), krale (4%) en waghonde (1%).

Die lys beskikbare metodes vir beesboere in die gereedskapkis om roofdiere te bestuur, is minder as vir skaap- en bokboere. Die meeste toepaslike metodes vir beesboere is om roofdiere te bestry of die impak te versag (nie-dodelik en dodelik).

Nietemin is geen van die metodes wat individueel of gesamentlik gebruik word, 'n wonderoplossing vir roofdiere op die provinsiale vlak nie.

Op die distriksvlak was wel aanduidings dat sommige metodes doeltreffender was om die impak van roofdiere te verminder.

Die inligting dui daarop dat al die toepaslike metodes en toerusting teen roofdiere op die plaaslike vlak vir bestuur en strategie beskikbaar moet wees.

Die data is gebruik om die onderliggende strukture te ondersoek en om die beste bestuurspraktieke te identifiseer.

Die gevolgtrekking is dat die

faktore wat die voorkoms van roofdiere beïnvloed, verskil van die faktore wat die vlak van verliese beïnvloed.

Die studie bied nie 'n finale antwoord nie, maar help om die roofdierprobleem beter te verstaan met die oog daarop om toepaslike bestuursoplossings te ontwikkel.

Die totale koste aan beesverliese weens roofdiere in verskillende provinsies in Suid-Afrika was soos volg: R19 943 079 in die Noord-Kaap, R117 600 433 in die Vrystaat, R4 827 237 in die Oos-Kaap, R66 027 879 in KwaZulu-Natal, R43 938 376 in Mpumalanga, R46 486 017 in Limpopo, R84 319 786 in Noordwes. Die totaal is amper R400 miljoen.

Die respondente in ses van die sewe provinsies het die meeste van die beesverliese aan rooijakkalse toegeskryf.

Die uitsondering was Limpopo waar die luiperd die skuld gegee is vir die meeste verliese onder beeste. In sommige provinsies was die naaste meeste verliese weens rooikatte, strandwolwe, luiperds, honde of jagluiperds.

## STUDIE OOR WILD VOLG

Daar kan 'n mate van onduidelikheid wees by boere om die spesifieke roofdier wat skade aanrig, reg te identifiseer. Soms kan sekondêre aas op karkasse verkeerdlik aan roofdiere toegeskryf word. Dit is duidelik dat die vermoë van boere om spesifieke roofdiere te identifiseer wat prooi vang en vreet, verbeter moet word.

Die wydverspreide, ongunstige impak van verliese aan skape, bokke en beeste weens roofdiere kan nie langer geïgnoreer word nie.

'n Ander studie wat ook deur die RMRDSA gefinansier word, gaan eersdaags deur die Universiteit van die Vrystaat aangepak word om die impak van roofdiere op die wilddryf te bepaal.

Die huidige benadering tot die bestryding van roofdiere is gefragmenteerd en ongekoördineerd.

**HIERDIE BLAD IS DEUR DIE ROOIVLEISPRODUSENTE-ORGANISASIE GEBORG.**

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY 012 349 1102.

E-POS: [rpo@lantic.net](mailto:rpo@lantic.net). WEBWERF: [www.rpo.co.za](http://www.rpo.co.za).